**SAAMPRAATPAPIER** **25 Oktober 2015**

**GETROUDES EN HUL GELD**

(maar hierdie beginsels is op **alle persone** van toepassing, nie net getroudes nie)

**BESPREEK DIE VOLGENDE PUNTE EEN VIR EEN en sê of julle saamstem of nie/ brei verder daarop uit:**

1. **Dis *ons* geld, nie net een in die huwelik/gesin s'n nie**. Gen 2:24
2. **Ons *praat* oor ons geld**. Absolute openlikheid en eerlikheid is nodig
3. '**n Vrou se vryheid om ook met geld te werk.**. Spreuke 31 wys 'n vrou kan besigheid doen.
4. **Wie hanteer die boekhouding**? Dit kan die man of die vrou wees.
5. **Skuld**. Betaal jou skuld! Veral as Christen
   Skuld bly n slegte ding. Jy word slaaf van die persoon of instansie van wie jy geleen het.
   Spr. 22:7 "Die ryke heers oor die arme. Die lener is die slaaf van die man by wie hy leen".
6. **Eerste wet van geld: Mense eerste, dan geld.**
7. **Eerste dinge eerste:**
   Levitikus, Deut, Spreuke: Eerstelinge van die oes kom God toe.
   2 Kor 9: 7 "…God het die blymoedige gewer lief"
8. **Lewe binne jou inkomste.**
   Hebr 13:5 "Hou julle lewe vry van gierigheid; Wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: 'Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.'"
9. **Gebruik geld om goed te doen.**
   Luk 10: 25-37. Barmhartige Samaritaan wat sy geld gebruik om iemand anders te help
   2 Kor 9:11 "God maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleenheid vrygewig te kan wees"
10. **Erken die verskille tussen jou en jou huweliksmaat.**
    Aannames oor geld verskil (die huis waarin jy grootgeword het, speel hierin 'n groot rol). Wanneer en hoeveel geld is genoeg? Een is dalk te spaarsamig en die ander een te spandabelrig
11. "**Ladderville"-slawe**. "Ladderville" is 'n rekenaarspeletjie waar die deelnemers teen verskillende lere moet opklim en die een wat eerste aan die top van die laaste leer uitkom, is die wenner. *Sommige van ons speel hierdie speletjie in die werklike lewe*. Ons sal oor ander klim, op hulle trap en alles in ons vermoë doen om net eerste te kan eindig; met die beste huis, die duurste kar…
12. **Geniet jou geld**. Prediker vertel ons op sewe plekke dat hy geleer het om die lewe te geniet as 'n gawe uit God se hand. Daarom mag jy jou (oorbly) geld gebruik en dit geniet.
13. **Lewenswaardes ten opsigte van geld.** Wat is jou **denkraamwerk** ten opsigte van geld?
    *Ek* werk daarvoor. Dis *my* krag, vindingrykheid, slimheid OF Ps 24:1 Alles behoort aan die Here.

**LEES: MATT 6:19-34**
**BESPREEK: WAT LEER ONS IN HIERDIE GEDEELTE**
(oor bekommernisse, versorging, Wie die Een is
wie ons eintlik versorg en op wie ons moet vertrou,…)

